

Study Opportunities

Junie 2014

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Graad 12

Vraestel 2 – Skriftelike vraestel

TYD: 3 UUR

PUNTE: 150

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye (titelbladsy ingesluit)

Instruksies en inligting

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C – die geïntegreerde scenario (50 punte).
 2. Beantwoord al die vrae.
 3. Lees die vrae noukeurig en let op na die puntetoekenning by elke vraag. Oor die algemeen word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sou daarom TWEE feite vereis, ens.
 4. Nommer die antwoorde soos op die vraestel.
 5. Laat 'n reël oop na ELKE subvraag.
-

AFDELING A

Vraag 1

Kies die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf in die linkerkantlyn van jou bladsy slegs die *nommer* van elke vraag en langsaan die enkele hoofletter wat die beste antwoord verteenwoordig, byvoorbeeld 1.11 A.

- 1.1 Watter een van die volgende groepe rekenaarstelsels is in stygende orde volgens verwerkingskrag gerangskik, d.i. van die mins kragtige tot die kragtigste?
 - A. *Ultrabook, Netbook, Werkstasie*
 - B. *Netbook, Ultrabook, Werkstasie*
 - C. *Ultrabook, Werkstasie, Netbook*
 - D. *Werkstasie, Netbook, Ultrabook* (1)
- 1.2 Watter een van die volgende tipes kwaadwillige programmatuur (*malware*) verwys na die vervalsing van 'n e-posboodskap se opskrif sodat dit lyk asof die e-posboodskap van iemand anders as van die werklike bron af kom?
 - A. *Spoofing*
 - B. *Cracking*
 - C. *Pharming*
 - D. *Phishing* (1)
- 1.3 Watter een van die volgende stellings oor die elektroniese manipulasie tydens die versameling en verwerking van inligting is VERKEERD?
 - A. 'n Vraelys werk die beste as dit 'geslote' vrae bevat.
 - B. Mens kan die *Insert*-tab gebruik om vorm-velde in 'n *Word*-dokument by te voeg.
 - C. 'n *Drop-Down Form Field* word gebruik om een item in 'n lys te kies.
 - D. 'n Tekslêer kan as databron vir possamevoeging (*mail merge*) in *Word* gebruik word. (1)
- 1.4 Die term kasberging (*caching*) verwys na . . .
 - A. metodes om die algehele werkverrigting van 'n rekenaar te verbeter.
 - B. die proses om 'n aandrywer vir foute na te gaan en hulle reg te maak.
 - C. 'n manier om meer stoor spasie op die hardeskyf beskikbaar te maak.
 - D. die skandering van 'n rekenaarstelsel in die agtergrond vir virusse. (1)

- 1.5 Watter een van die volgende lêertipes word met beide oudio- en video-inhoud geassosieer?
- A. wav
 - B. mp3
 - C. mpeg
 - D. rtf
- (1)
- 1.6 Die mees effektiewe manier om die algehele werkverrigting van 'n ouer rekenaar te verbeter, is om . . .
- A. die hardeskyf gereeld te defragmenteer.
 - B. programme wat selde gebruik word te verwyder (*uninstall*).
 - C. op te gradeer na 'n LED-monitor met 'n vinniger reaksietyd.
 - D. meer RAM by te voeg.
- (1)
- 1.7 Watter een van die volgende beskryf die term *metadata* die beste?
- A. Aanlyn inligting oor 'n lêer
 - B. Addisionele eienskappe of inligting oor 'n lêer
 - C. 'n Objek in 'n Access-databasis
 - D. Rou data wat nog nie verwerk is nie
- (1)
- 1.8 Die mins effektiewe manier om 'n groot uitvoerbare lêer (.EXE-uitbreiding) veilig met 'n aantal mense te deel, is om . . .
- A. die lêer aflaaibaar te maak via 'n skakel op 'n wagwoordbeskermdde webblad.
 - B. die lêer aan 'n e-posboodskap te heg.
 - C. die lêer op 'n FTP-bediener op te laai.
 - D. die dienste van Google Drive te gebruik.
- (1)
- 1.9 Die spesifikasie 802.11b/g/n in 'n advertensie vir 'n rekenaar beteken dat die rekenaar . . .
- A. 'n Thunderbolt-poort vir hoëspoed-data-oordrag het.
 - B. aan 'n bekabelde netwerk gekoppel kan word.
 - C. 'n vastetoestandskyf (*Solid State Drive*) het.
 - D. ingeboude ondersteuning vir WiFi het.
- (1)
- 1.10 Watter een van die volgende stellings beskryf die term *Beta-programmatuur* die beste?
- A. Programmatuur wat verouderd is
 - B. Programmatuur wat nog getoets word
 - C. Programmatuur wat aan die algemene publiek vrygestel is vir verkoop
 - D. Programmatuur wat daarvoor bekend is dat dit *malware* bevat
- (1)

[10]

Vraag 2

Sê of jy dink elk van die volgende stellings is WAAR of ONWAAR. As jy dink die stelling is ONWAAR, moet jy ook die stelling oorskryf deur NET die sleutelterm (wat onderstreep is) te verander, om die stelling waar te maak.

Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van programmatuur.

Antwoord: Onwaar - 'n Drukker is 'n voorbeeld van **apparatuur**.

- 2.1 Die *Excel*-funksie LEN kan gebruik word om die lengte van 'n karakterstring te vind.
- 2.2 PDF-programmatuur word gebruik om geskandeerde beelde van teks om te skakel in teks wat in 'n woordverwerker geredigeer kan word.
- 2.3 'n Gevormde of shaped Internetkonneksie (*shaped Internet connection*) beteken dat al die Internetdienste dieselfde voorkeur gegee word.

[5]

Vraag 3

Skryf in die linkerkantlyn van jou bladsy slegs die *nommer* van die vraag in kolom A, en langsaan die gepaste *hoofletter* van kolom B, byvoorbeeld 3.11 T.

Kolom A	Kolom B
3.1 Stoorstoel wat geen bewegende onderdele het nie	A. CAD
3.2 Tegnologie wat gebruik word om inligting wat in klein 'tags' gestoor is, koordloos oor te dra	B. HDD
3.3 Tipe gebruiker-koppelvlak geassosieer met die gebruik van toevoerbewegings	C. ISO
3.4 Kategorie van toepassingsprogrammatuur gebruik deur argitekte en ingenieurs	D. SSD
3.5 Die gradering of meting van 'n digitale kamera se sensitiwiteit vir lig	E. LTE
3.6 Protokol vir die stuur van lêers oor 'n Internetkonneksie	F. MICR
3.7 Gesondheidstoestand geassosieer met die onbehoorlike of herhaalde gebruik van toevoertoestelle	G. GIGO
3.8 'n Soort kuberaanval waardeur 'n bediener ontoeganklik vir gebruikers gemaak word	H. RFID
3.9 Term geassosieer met die kleurvermoë van drukkers	I. WWW
3.10 'n Ander naam vir die jongste 4G- sellulêre tegnologie	J. CMYK
	K. GPS
	L. GUI
	M. CTS
	N. DPI
	O. FTP
	P. DDoS

[10]

AFDELING B

Vraag 4 : Stelseltegnologieë

- 4.1 Die sleutelbord en muis bly steeds die mees algemeen gebruikte toevoertoestel, maar dit het sekere beperkinge wanneer dit vergelyk word met ander toevoertoestelle soos raakskerms (*touch screens*).
- 4.1.1 Noem TWEE voordele vir gebruikers om raakskerms te gebruik in plaas van 'n sleutelbord en muis. (2)
- 4.1.2 Noem TWEE moontlike stappe of aksies wat jy kan uitvoer om die probleem op te los as jou koordlose sleutelbord sou ophou werk. (2)
- 4.2 Sake-ondernemings gebruik gewoonlik drukkers om fakture vir POS (Point-Of-Sale)-transaksies te genereer, partykeer selfs veelvuldige kopieë van dieselfde transaksie, om sekuriteit by uitgangspunte te verhoog, om voorraad te beheer, ens.
- 4.2.1 Noem EEN rede waarom 'n inkspruitdrukker nie vir die bogenoemde doel geskik sou wees nie. (1)
- 4.2.2 Stel 'n meer geskikte soort drukker vir hierdie doel voor. (1)
- 4.3 'n Vinnige ondersoek toon dat jou hardeskyf amper 100% vol is, en dat jou rekenaar baie stadiger is as gewoonlik.
- Verduidelik hoekom defragmentering van die hardeskyf nie hierdie probleem sal oplos nie, deur te verwys na wat tydens die defragmenteringsproses plaasvind. (2)
- 4.4 Bestudeer die volgende spesifikasies vir 'n tipiese rekenaar en beantwoord die vrae wat volg:
- 15.6" LED HD (1366 x 768) Display
Intel Core i3 2.3 MHz
4 GB DDR3 RAM
1 TB Hard Drive
DVD Super Multi Writer
Intel HD Shared Graphics
LAN and Wireless LAN
Bluetooth
Touchpad
VGA and HDMI out
MS Windows 7 Professional 32bit
- 4.4.1 Gee die algemene naam van die spesifikasie of aspek van die skerm waarna die afmeting 1366 x 768 verwys. (1)
- 4.4.2 Die rekenaar het 2500 keer meer sekondêre geheue (berging) as primêre geheue (RAM).
Verduidelik kortliks waarom dit nodig is om soveel meer sekondêre geheue of berging te hê as primêre of hoofgeheue deur na hulle funksies te verwys. (2)
- 4.4.3 Die gekabelde LAN en Bluetooth kan gebruik word om lêers oor 'n netwerk oor te dra. Gee EEN voordeel van die gebruik van die LAN om lêers oor te dra in teenstelling met die gebruik van Bluetooth. (1)

- 4.4.4 Kan hierdie rekenaar gebruik word om 'n fliëk op Blu-ray te wys? Motiveer jou antwoord. (1)
- 4.4.5 Verduidelik waarna die afkortings *VGA* en *HDMI out* verwys, dit wil sê hulle doel, nie wat die afkortings beteken nie. (1)
- 4.4.6 Noem TWEE redes hoekom mens sou kon aflei dat die rekenaar wat geadverteer word, 'n draagbare rekenaar, soos 'n skootrekenaar, is. (2)
- 4.4.7 Een van die spesifikasies gelys vir hierdie rekenaar is ooglopend verkeerd. Noem die apparaatruurkomponent in die advertensie met die verkeerde spesifikasie en gee 'n beter spesifikasie vir hierdie komponent. (2)
- 4.5 Dit is belangrik om *versoenbaarheidskwessies* en *stelselvereistes* in gedagte te hou wanneer mens nuwe programmatuur koop.
- 4.5.1 Gee TWEE tipiese apparaatruurvereistes, behalwe die DVD-aandrywer, wat vir die installasie van die programmatuur benodig word. (2)
- 4.5.2 Gee EEN rede waarom die apparaatruurvereistes minder belangrik sou wees as die programmatuur *cloud*-gebaseer was, bv. Google Docs. (1)
- 4.5.3 Gestel jy het die jongste weergawe van 'n kantoorpakket (*Office Suite*) geïnstalleer. Beskryf hoekom *afwaartse versoenbaarheid (downward compatibility)* 'n voordeel in die gebruik van hierdie programmatuur sou wees. (1)
- 4.6 Die meeste nuwe programmatuur wat geskryf word het '*bugs*'. Twee algemene maniere wyses om programmatuur-'*bugs*' reg te maak is om *patches* en *service packs* te installeer.
- 4.6.1 Wat is 'n programmatuur-'*bug*'? (1)
- 4.6.2 Verduidelik kortliks die verskille tussen 'n *patch* en 'n *service pack* deur die belangrikste eienskappe van elk te beskryf. (2)

[25]

Vraag 5 : Internet- en netwerktegnologieë

- 5.1 Daar bestaan verskeie opsies om in aanmerking te neem wanneer 'n breëband-Internetpakket gekies word.
- 5.1.1 Verduidelik wat bedoel word met die term breëband (*broadband*) in terme van 'n breëband-Internetpakket. (1)
- 5.1.2 Noem die hoofrede waarom mens WiFi by die huis sou opstel en gee ook EEN potensiële gevaar om WiFi by die huis op te stel en te gebruik. (2)
- 5.1.3 Noem een ekstra toestel of apparaatruurkomponent wat jy nodig mag kry as jy WiFi by die huis opstel, buiten vir die rekenaars self. (1)
- 5.1.4 Die konneksiespoed van 'n ADSL-pakket word as 1024 Kbps/512 Kbps geadverteer. Verduidelik waarom daar van twee verskillende spoede gebruik gemaak word. (2)
- 5.1.5 ISP's bied databondels aan wat normaalweg met 'n sekere *cap* geassosieer word. Verduidelik wat met die term *cap* bedoel word en waarom *uncapped* pakkette duurder as *capped* pakkette is. (2)

- 5.2 Beskryf TWEE potensieële nadele of beperkings wat gepaard gaan met 'n mobiele konneksie tot die Internet. (2)
- 5.3 Een voordeel van aanlyn stoor is die vermoë om jou lêers te *sinchroniseer*.
- 5.3.1 Noem EEN voorbeeld van 'n aanlyn stoordiens buiten Google Drive. (1)
- 5.3.2 Verduidelik wat dit beteken om jou lêers te sinchroniseer. (1)
- 5.3.3 Ten opsigte van die deel van lêers het aanlyn stoor verskeie voordele bo e-pos-aanhegsels. Noem EEN van hierdie voordele. (1)
- 5.4 Skootrekenaars het gewoonlik 'n ingeboude webkamera of *webcam*.
Noem TWEE situasies waar 'n ingeboude *webcam* handig te pas sal kom of waar mens dit sou kon gebruik. (2)

[15]

Vraag 6 : Inligtingsbestuur

- 6.1 Die versameling van data wat reeds in digitale formaat is, het verskeie voordele. Bespreek kortliks TWEE van hierdie voordele, buiten die feit dat sulke data maklik van die Internet afgelaai kan word. (2)
- 6.2 Vraelyste word dikwels gebruik om inligting van mense te verkry.
- 6.2.1 Met so baie inligting wat reeds op die Internet en in boeke beskikbaar is, verduidelik waarom vraelyste steeds so algemeen gebruik word. (1)
- 6.2.2 Gee TWEE riglyne wat gebruik kan word om te verseker dat 'n vraelys effektief uitgelê is en maklik voltooi kan word. (2)
- 6.3 Opnames en vraelyste kan op vele maniere hanteer word, bv. deur hulle aan respondente te pos, respondente te bel, of te vra dat hulle dit aanlyn voltooi.
- 6.3.1 Beskryf kortliks TWEE voordele van die doen van 'n opname via die Internet gesien uit die oogpunt van die organisasie wat die opname doen (en nie dié van die mense wat die opname voltooi nie). (2)
- 6.3.2 Noem EEN moontlike nadeel van die doen van 'n opname via die Internet uit die oogpunt van die mense wat die opname voltooi, behalwe die vereiste dat daar Internettoegang moet wees. (1)
- 6.4 Data wat in opnames benodig word, word dikwels gevra en gestoor as numeriese kodes. Byvoorbeeld, matriekleeders moet hul vakke as kodes invul – waar 747 RTT verteenwoordig, 845 wiskunde, ens.
- Gee TWEE redes hoekom jy meen dit die geval is. (2)

[10]

Vraag 7 : Sosiale Implikasies

- 7.1 'n Gewilde diens wat op die Internet uitvoer is Instant Messaging (IM).
- 7.1.1 Verduidelik hoekom IM-kommunikasie nie sommer vir kriminele aktiwiteite soos kuber-boelie en identiteitsdiefstal gebruik sal word nie, anders as meer algemene aanlyn kletsfasiliteite. (1)
- 7.1.2 Beskryf een ander nadeel geassosieer met alle intydse boodskapstelsels, uitgesluit die risiko van kriminele aktiwiteite soos die gelys in Vraag 7.1.1 hierbo. (1)
- 7.1.3 Noem EEN voorbeeld van 'n gewilde IM-toepassing. (1)
- 7.2 Ons sien dikwels advertensies vir *antivirusprogrammatuur* (bv. Norton, Kaspersky, AVG), maar nie sommer 'n advertensie vir *firewall*-programmatuur nie.
- Beskryf die verskil in die werking van antivirusprogrammatuur en *firewall*-programmatuur wat hierdie verskil in advertensies of bemarkeing sal verklaar. (2)
- 7.3 Om oor 'n afstand toegang tot 'n aantal mense se rekenaars te kan kry om hul verwerkingstyd en -krag te gebruik, kan as 'n positiewe oefening of as 'n kriminele aktiwiteit gesien word.
- Bespreek die bogenoemde stelling deur EEN voordelige of konstruktiewe voorbeeld van hierdie soort gebruik te gee, en EEN voorbeeld van waar dit vir kriminele doeleindes gebruik word.
- Gee ook die korrekte tegniese terme wat gebruik word om elk van hierdie aktiwiteite in die algemeen te beskryf of te kategoriseer. (4)
- 7.4 Baie maatskappye verbied of beperk die gebruik van *flash*-skywe.
- Motiveer hoekom hulle dit soms doen, deur te verwys na 'n praktiese rede wat hulle mag hê, afgesien van die risiko van die verspreiding van kwaadwillige programmatuur soos virusse. (1)

[10]

Vraag 8: Oplossingsontwikkeling

8.1 Bestudeer die volgende uittreksel uit 'n sigblad en beantwoord die daaropvolgende vrae:

	A	B	C	D	E	F
1	Naam	Van	Punt 1	Punt 2	Finale resultaat	
2			60	60	120	Persentasie
3						
4	Paige	Anderson	45	32	77	64
5	Christiaan	Barnard	48	53	101	
6	Farezana	Coopasamy	54	52	106	
7	Lebogang	Craill	38	48	86	
8	Cassandra	Davids	36	41	77	

8.1.1 Noem TWEE aspekte van hierdie sigblad wat verander sal moet word voordat dit as 'n databron vir possamevoeging (*mail merge*) gebruik kan word. (2)

8.1.2 Die formule = **E4 / E2 * 100** is in sel F4 gebruik om die persentasie vir Paige Anderson uit te werk. Dit gee die korrekte antwoord.

Die formule sal egter nie werk as dit na selle **F5:F8** gekopieer (*fill down*) word nie.

Verduidelik waarom dit nie sal werk nie en beskryf kortliks hoe om hierdie probleem reg te stel. (2)

8.2 'n Onderwyser berei leerders se eksamenpunte in 'n sigblad voor. Die simbole A, B, C, D, ens., wat ooreenstem met die punte in kolom B, moet in kolom C vertoon.

A	B	C
Naam	Persentasie	Simbool
Adams, John	65	
Baloyi, Maite	73	
Crowe, Peter	91	

8.2.1 Wat is die naam van 'n sigbladfunksie wat in kolom C gebruik kan word om hierdie ooreenstemmende simbole te vertoon? (1)

8.2.2 Watter kenmerk/funksie van 'n sigblad kan gebruik word sodat mens met een oogopslag kan sien watter punte 'n onderskeiding verteenwoordig? (1)

8.2.3 Verduidelik hoekom dit NIE 'n goeie idee is om die naam en van van die leerders saam in een kolom te stoor nie, soos wat dit tans die geval is. (1)

8.3 'n Vriend stuur 'n kopie van jou Geskiedenisopstel, wat in *Word* getik is, met *track changes* daarin, aan jou terug.

Beskryf kortliks die *Track Changes*-kenmerk van *Word*, en noem EEN voordeel daarvan om dit in 'n situasie soos bogenoemde te gebruik. (2)


8.4 Verduidelik in algemene terme, sonder om die benodigde muisklikke te gee, hoe jy te werk sal gaan om die volgende navigasie in 'n lang *Word*-dokument op te stel:

Wanneer jy klik op die woord *Pinterest* aan die begin van die dokument, moet jy 'spring' na die verduideliking van hierdie woord in die Woordelys aan die einde van die dokument. (2)

8.5 Veronderstel dat die punte van 'n leerder vir al sy vakke vir die vier kwartale vir jou in 'n *Word*-tabel soos hieronder gegee is.

Daar word van jou verwag om 'n grafiek op te stel van die gemiddelde punte van al die vakke vir elke kwartaal. Hierdie grafiek moet uiteindelik in 'n *Word*-dokument verskyn.

Vak	Kwartaal1	Kwartaal2	Kwartaal3	Kwartaal4
Engels	62	64	58	60
Afrikaans	60	55	62	63
Wiskunde	55	57	56	58
Wetenskap	65	62	62	64
Geskiedenis	52	55	52	60
Musiek	45	52	55	56
LO	58	65	60	61



Skryf die hoof stappe neer wat nodig sal wees om dit te doen. Jy MOENIE na spesifieke *toolbars*, muisklikke of opdragte verwys nie. Beskryf net in algemene terme wat jy sal moet doen.

(4)

[15]

AFDELING C

Scenario:

As deel van jou skool se besluit om 'n reptielbewustheidsveldtog te loods het die Graad 12 RTT-klas besluit om 'n elektroniese inligtingstafel in een van die klaskamers tydens die skool se jaarlikse opedag op te stel. Drie rekenaars sal in 'n netwerk gekoppel en gebruik word. Die program sluit in demonstrasies van video-redigerings- en animasieprojekte wat die RTT-leerlinge ontwikkel het.

Vraag 9: Geïntegreerde Scenario

- 9.1 Verduidelik, met verwysing na die scenario, hoekom *intreevlakrekenaars* moontlik NIE geskik mag wees vir gebruik by die inligtingstafel nie. (2)
- 9.2 Een RTT-leerling het voorgestel dat sy haar Kindle-e-leestoestel saambring om besoekers die jongste natuurleweboeke wat op Amazon beskikbaar is, te wys.
Beskryf TWEE potensiële voordele van die gebruik van 'n e-leesboek in hierdie situasie, bo die gebruik van 'n skootrekenaar of tafelbladrekenaar. (2)
- 9.3 Daar was probleme met die opstel van die skool se hoëkwaliteit-dataprojektor vir die vertoning van 'n *PowerPoint*-skyfievertoning. Met die volgende probleme in gedagte, skryf EEN moontlike oplossing vir elk:
- 9.3.1 Die beeld vertoon dof op die skerm, selfs wanneer die kamer genoegsaam verdonker is. (1)
- 9.3.2 Die luidsprekers gee geen klank nie, selfs al is hulle aangeskakel en in die korrekte sok ingeplug. (1)
- 9.4 Die klas wil graag foto's neem van besoekers wat saam met een van die skool se versameling nie-giftige slange poseer, en aan hulle hardekopie-afdrukke gee.
- 9.4.1 Gee TWEE maniere waarop foto's geneem deur 'n digitale kamera oorgedra kan word na 'n skootrekenaar, behalwe om Bluetooth te gebruik. (2)
- 9.4.2 Beskryf een *voordeel* en een *nadeel* van die gebruik van 'n inkspuit-drukker om hardekopieë van die foto's te produseer. (2)
- 9.4.3 Gee vir die groep TWEE wenke hoe hulle *in hierdie scenario* 'groen' rekenaar-verwerking kan toepas, met verwysing na hul gebruik van die drucker. (2)
- 9.5 Goeie Internetkonnektiwiteit is 'n belangrike vereiste vir die inligtingstafel.
- 9.5.1 Die skool het 'n ADSL-konneksie wat deur hul ISP voorsien word.
Gee EEN aanvullende diens aangebied deur 'n ISP, behalwe die Internettoegang wat vir 'n maandelikse fooi verskaf word. (1)
- 9.5.2 Gee TWEE voordele van 'n ADSL-konneksie. (2)

- 9.6 Daar is voorgestel dat *Google Maps* gebruik word om voornemende besoekers aanwysings te gee oor hoe om by die skool uit te kom. Die RTT-onderwyser waarsku dat Google Maps dalk nie die beste manier is om die aanwysings te gee nie, veral vir mense wat hulle aan die verkeerde kant van die *digital divide* bevind.
- 9.6.1 Verduidelik die RTT-onderwyser se standpunt deur die term 'digital divide' te verduidelik. (2)
- 9.6.2 'n Ander manier om aan besoekers rigtingaanwysings na die skool te gee sou wees om besoekers sover te kry om die 'direction-finding'-tegnologie wat reeds in hul slimfone ingebou is, te gebruik.
Gee die algemene naam van hierdie '*direction finding*'-tegnologie. (1)
- 9.6.3 Die gebruik van 'n slimfoon om rigtingaanwysings te kry is 'n voorbeeld van *konvergensie*.
Verduidelik wat die term konvergensie beteken in die konteks van tegnologie. (1)
- 9.7 Die groep wil graag rekenaargebaseerde opleidingsprogrammatuur bevorder, wat mens leer hoe om slange te identifiseer. Die programmatuur is ook as 'n *app* beskikbaar wat op die *Android-platform* uitvoer.
- 9.7.1 Gee TWEE voordele by die gebruik van rekenaargebaseerde opleidingsprogrammatuur bo meer tradisionele opleidingsmetodes. (2)
- 9.7.2 Verduidelik wat met die term *Android-platform* bedoel word. (1)
- 9.7.3 Gee 'n voorbeeld van 'n *tipe* rekenaartoestel waarop die bogenoemde *app* sal kan uitvoer. (1)
- 9.8 Sekere programmatuurprobleme het voorgekom toe 'n groepslid probeer het om programmatuur wat hy op 'n CD skool toe gebring het, te gebruik.
- 9.8.1 Hy het op 'n stadium die Ctrl+Alt+Delete-sleutelkombinasie gedruk om die probleem te probeer oplos.
Beskryf watter soort probleem, in die algemeen, op hierdie manier opgelos word. (1)
- 9.8.2 Die groepslid het probeer om 'n dokument wat op die CD gestoor is, te redigeer.
Verduidelik hoekom hy nie die 'quick-save'-kortpad (Ctrl+S) kon gebruik om sy werk te stoor nie, en stel voor wat hy kon doen om 'n kopie van die dokument te stoor. (2)
- 9.9 Die groep is opgewonde oor die vooruitsig om hul nuwe webkamera of *webcam* te toets en *VoIP* te gebruik.
- 9.9.1 Verduidelik wat mens met behulp van VoIP kan doen. (1)
- 9.9.2 Gee 'n voorbeeld van 'n gewilde programmatuurpakket wat VoIP gebruik. (1)
- 9.9.3 Noem EEN aanvullende apparaatuurkomponent of -toestel wat jy mag nodig om VoIP te gebruik, behalwe die webkamera en 'n rekenaar. (1)
- 9.9.4 Die finansiële sekretaresse, wat die skool se begroting bestuur, is nie gelukkig met die reëling nie. Sy is bekommerd dat dit 'te veel sal kos'.
Verduidelik in IKT-terme die mees waarskynlike rede vir die finansiële sekretaresse se besorgdheid. (1)

- 9.10 Terwyl Luvuyo besig was om lêers van sy *flash*-skyf af te kopieer het 'n viruswaarskuwing opgespring wat sê dat 'n *Trojan*-lêer met die naam 'LoveLetter.exe' op sy *flash*-skyf opgespoor is. Luvuyo was onder die versoeking om die inhoud van hierdie lêer te bekyk.
- 9.10.1 Verduidelik vir Luvuyo hoekom dit nie so 'n goeie idee sou wees nie, deur te verduidelik wat 'n *Trojan* in hierdie konteks is. (2)
- 9.10.2 Luvuyo word die opsie gebied om die lêer in *kwarantyn* te plaas. Verduidelik kortliks wat 'kwarantyn' in hierdie konteks beteken. (1)
- 9.11 Die RTT-onderwyser het die leerders gewaarsku om nie slagoffers van sosiale manipulasie (*social engineering*) te word nie. Beskryf wat die RTT-onderwyser met *sosiale manipulasie* bedoel het. (2)
- 9.12 Die klaskamer wat gebruik sal word vir die inligtingstafel is toegerus met diefalarms en sekuriteitshekke. Tog is die skool steeds aan ernstige risiko's blootgestel sover dit rekenaars betref. Noem TWEE voorbeelde van hoe misdadig steeds gepleeg kan word met die gebruik van hierdie rekenaars, uitgesluit enige aktiwiteite rakende die gebruik van *flash*-skywe. (2)
- 9.13 Toe sy haar Gmail-rekening op een van die skool se rekenaars nagaan, sien Samantha 'n e-pos skynbaar vanaf FedEx-koerierdiens (sien onder). Dit is 'n tipiese voorbeeld van 'n *e-posslenter* (*hoax*).

Dear Valued Customer

FedEx: Redirection of your Package (**MasterCard ATM**) to your correct address. This email is coming to you as a reminder concerning your pending package that has been with us for a long time. As you already know that this is containing your pending **Master DEBIT CARD** Package in your name and in the amount of **£1,000,000.00 GBP it's Equivalent to (\$1,600,481.27 USD)**. This email is to let you know that our delivery team has finally carried out delivery of your package. The package left THIEF RIVER FALLS, MN USA on Ship (P/U) date: Wed 31/07/2013 15:40 for VENEZUELA and since on the Mon 05/08/2013 it has been in HA NOI, HA VN, VENEZUELA awaiting custom clearance. Although it has been pick up by our FedEx Express agency in GRAND FORKS, ND VENEZUELA waiting for you to give us right HOME ADDRESS for final delivering to you.

Here is the: Federal Express Tracking Number: (571910825340) Kindly click <http://www.fedex.com/Tracking>

On the tracking page you will see that this package is going to a wrong address. This is because you have refused to give us your cooperation.

You are hereby advised to provide us with the below details so we can Immediately have it sent out to our deliverymen in HA NOI, HA VN, VENEZUELA.

Your Name (In Full):.....
 Your Delivery Address:.....
 Your Direct Mobile Number:.....

AUTHORIZED PAYMENT

- 9.13.1 Wat is die algemene doel van 'n e-posslenter? (1)
- 9.13.2 Gee TWEE algemene wenke hoe om jou teen e-posslenter te beskerm. (2)

- 9.14 Vir die rekenaaraktywiteite wat beplan word, is dit belangrik dat mense met gestremdhede ook in ag geneem word.
- Stel 'n toevoertoestel voor wat gebruik kan word om mense te help wat ly aan:
- 9.14.1 Swak sig (1)
- 9.14.2 Swak motoriese beheer (stywe ledemate, artritis, ens.) (1)
- 9.15 Die RTT-onderwyser wil graag die data van 'n opname wat besoekers voltooi het vaslê.
- 9.15.1 'n Databasistabel kan 'n bietjie moeilik wees om te gebruik, met al die rye data wat op een slag op die skerm vertoon word.
- Watter objek in 'n databasis kan gebruik word om net een rekord op 'n slag op die skerm te vertoon? (1)
- 9.15.2 Neem aan dat die data vasgelê sal word deur 'n persoon met baie min rekenaarondervinding.
- Gee TWEE veldeienskappe (*properties/features*) in 'n databasistabel wat gebruik kan word om te verseker dat die data wat vasgelê word geldig en akkuraat is. (2)
- 9.15.3 Die onderwyser sê dat hy graag 'n Access-verslag na 'n RTF-lêer wil omskakel.
- Met watter kantoortoepassing (of tipe toepassingsprogrammatuur) sal mens 'n RTF-lêer kan oopmaak en lees. (1)
- 9.15.4 Die data moet ook ontleed word. Gee TWEE redes waarom 'n *sigblad* meer geskik vir hierdie taak mag wees as 'n *databasis*. (2)
- 9.16 Die groep stel 'n klein webtuiste saam om die opedag te adverteer. Uit jou eie ondervinding van HTML-kode, gee die rede vir elk van die volgende twee wenke:
- 9.16.1 Maak altyd gebruik van inkeping (*indentation*) in jou kode, d.w.s. moenie al die HTML-kode teen die linkerkantlyn plaas nie. (1)
- 9.16.2 Moenie al die kode skryf en dan vir die eerste keer die resultaat in jou webblaaier bekyk nie. (1)
- [50]**

TOTAAL: 150